CARE & GROW

May 2019 | Issue 48

KAAP AGRI COMMUNITY NEWSLETTER
• Group Head Office • 1 Westhoven Street • Paarl • Tel: 021 860 3750 • www.kaapagri.co.za

Porterville saaiprojek bereik nuwe mylpaal

Van links agter: Gareth de Bruin (Kaap Agri), Willem Engelbrecht (Hoof: Hoërskool Porterville), Johan de Lange (Kaap Agri), Pieter du Plessis (stigterslid), Cobie Liebenberg (stigterslid), Cedric Zincke (Porterville Primêr), Louis Coetzee (Kaap Agri), Lerina Nel (Kaap Agri), Ester Schreuder, Alice Kok en Elaine Muller (Badisa), Anita Odendaal (Huis Nerina), Wayne Dirks (Voorsitter: Porterville-gemeenskapsvereniging).

Die saaiprojek van die Porterville-gemeenskapsvereniging het vanjaar 'n nuwe mylpaal bereik deur altesaam R200 000 aan begunstigdes te lewer. As 'n stigterslid van die vereniging, speel Kaap Agri tans 'n vername rol om die volhoubaarheid van die projek te verseker.

Dié bedrag is onlangs by 'n geleentheid op die dorp aan die vereniging oorhandig om finansiële ondersteuning vir vier Porterville instansies te bied: Porterville Primêr, Hoërskool Porterville, Huis Nerina en Badisa Christelike welsynsorganisasie. Verlede jaar is R140 000 aan die begunstigdes oorhandig.

Die Porterville-gemeenskapsvereniging is in 2003 as 'n nie-winsgewende organisasie gestig. Alle winste wat uit hul bedrywighede gegenereer word, word aan die Porterville-gemeenskap oorgedra. Met hierdie doel is 'n saaiprojek in 2003 op die been gebring. Graan word op 25 ha meentgrond verbou. Die grond word gratis deur Bergrivier-munisipaliteit aan die vereniging beskikbaar gestel.

Verskeie verskaffers neem deel aan die projek deur van insette, soos saad, kunsmis, chemikalieë, asook dienste, soos kredietverskaffing, administrasie en kontrakwerk, ten volle of gedeeltelik te borg.

Gareth de Bruin, landbou-ekonoom by Kaap Agri, het beklemtoon dat die betrokkenheid en ondersteuning van borge, die kern tot die sukses van die saaiprojek is.

"Dié ondersteuning het dit moontlik gemaak om gedurende die 2018/19-produksieseisoen 'n bedrag van R200 000 onder die begunstigdes te verdeel. Dit bring mee dat daar oor die afgelope 16 jaar altesame R1 134 370 terug-geploeg is in die gemeenskap van Porterville," het hy gesê.

Die borge wat die projek reeds van sy ontstaan ondersteun, is die Bergrivier-munisipaliteit, Kaap Agri, Sensako, Yara, Soill, Omnia, Viking, Villa Crop Protection, AG-Sprayers en Louw & Cronje Geöktrooieerde Rekenmeesters, Wenkem, Inteligro, Nitrophoska, Bayer, RSAM, Mutual and Federal versekering, Syngenta, Porterville Korrektiewe Dienste en SA Kalk & Gips.

Wayne Dirks, voorsitter van die Porterville-gemeenskapsvereniging, het gesê die doelwit is dat die geld binne elke instansie aan minder bevoorregte persone beskikbaar gestel word. Gegewe die geselekteerde begunstigdes, kan daar afgelei word dat die klem hoofsaaklik op kinders en bejaardes geplaas word.

"Die Porterville-gemeenskapsvereniging streef daarna om op 'n volhoubare wyse, finansiële ondersteuning aan sy gemeenskap te bied en daadwerklik 'n verskil in die lewens van minderbevoorregtes te maak," het Dirks gesê.





Young Stars hard at work

Kaap Agri's Young Stars programme is going full steam ahead. The programme provides work experience and job shadow training to 50 female learners from nine schools.

The learners have been placed at various Agrimark branches in the Western Cape and are now experiencing the Agrimark work environment. In March they learnt about cash flow management. Thank you to our Agrimark management teams for their mentorship and direct involvement in this programme which forms part of the National Department of Education's TechnoGirls initiative.

Tulbagh Agrimark sponsors schoolroom revamp

Every year, Tulbagh Agrimark sponsors Rijks Private school. The headmaster had indicated that the school needed paint to revamp some of the classrooms.

The playground area needed some attention and some of the grades required new activity toys to develop their fine motor and functional skills. Here is a before and after picture of one of the rooms at the school that Tulbagh Agrimark sponsored. What a difference!

Before

After

After

Agrimark Citrusdal gives residents a more dignified home

Heuwelrus in Citrusdal is an old age home that can accommodate 20 residents, but due to rooms that were in disrepair, they could only accommodate 16 people.

The residents struggle financially and are only living off their old age pension. Heuwelrus approached Agrimark Citrusdal. When branch manager, Chris Grobbelaar, saw the condition of the rooms, he contacted a contractor to provide him with a list of materials needed to do the repairs. The team completed the work to restore the run-down ceilings and bathrooms and demonstrated some amazing skills in the process.

Before


After

Agrimark Paarl helps with Ouma Meisie's home makeover


Before

After

Agrimark Paarl answered the call of a local NPO (non-profit organisation) called HEART, which assists over 200 elderly and disabled beneficiaries living in vulnerable areas of Paarl.

The team at HEART needed to provide urgent assistance to Ouma Meisie, who is wheelchair-bound and the primary caregiver to her three grandchildren, aged 4 months, 3 years and 8 years respectively. The living conditions of the family were completely unsuitable and was earmarked as an emergency. The NPO approached potential sponsors in the hope of securing materials to renovate the family's dwelling. Agrimark Paarl stepped in and sponsored all the materials needed for the home improvement, including the insulation, hardboard, stone and cement. Additional corporate sponsors and a registered contractor also assisted. The "big reveal" happened on Tuesday, 19 April 2019, a day before Ouma Meisie's birthday! Words cannot express the family's joy. The boys, especially, enjoyed the bathroom – complete with running water, a new toilet, wash-basin, new tiles and a working bath – and the first thing they did, was to have a bubble bath!

Belê in produktiwiteit

Kwaliteit opleiding vir die groei van plaaswerkers en opkomende boere

Die Kaap Agri Akademie verskaf hoogstaande opleiding aan opkomende boere en plaaswerkers. Die kursusinhoud is spesifiek ontwikkel vir Suid-Afrikaanse landboutoestande en die kursusse sowel as die kursus-aanbieders is deur AgriSETA geakkrediteer.

Kursusse in die plaaswerker-opleidingsprogram 2019:

• Boordmonitering • Brandbestryding • Die rol van 'n Veiligheidsverteenwoordiger • Die werking van spuitpompe • Hantering van chemiese middels • Laai- en skopgrawe • Noodhulp • Sweiswerk • Toesighouding • Trekkerinstandhouding • Vurkhysers

KAAP AGRI AKADEMIE